Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Vorentoe met God

Eksodus 1:1-2, 10

Ons gaan hierdie kwartaal deur die boek Eksodus blaai. Die groot vraag agter die hele verhaal is, “Vir wie gaan Israel dien – God of die Farao?” God is die hele tyd aan die werk om sy kinders vry te maak nadat die Farao hulle slawe gemaak het.

Dikwels (soos in vandag se teks) werk Hy onsigbaar, agter die skerms. Ander kere kan jy sien en hoor dat Hy aan die werk is. Maar God kan net sy kinders vrymaak as hulle Hom dien. En as ek God dien, maak dit nie saak hoeveel mag of vermoëns ek het nie; God kan my gebruik.

Ons sien dit duidelik in die verhaal in Eksodus 1. Sifra en Pua is twee onbelangrike vroedvroue – die kraamsusters van daardie tyd. Die Farao is ’n magtige man, wat vir hulle beveel om die Hebreeuse seuntjies na geboorte dood te maak omdat hulle ’n bedreiging vir hom raak. Sifra en Pua is egter mense wat kies om vir God te dien, en daarom gehoorsaam hulle nie die Farao nie.

So word die volk gered en so word Moses gered, wat op die ou end die volk uit Egipte lei na vryheid. Die ironie is: Hulle name word in die geskiedenis opgeteken, terwyl ons nie eens weet watter van die Egiptiese Faraos dit is van wie hier gepraat word nie. Hulle tel en die Farao… nie juis nie!

So is dit met elke mens wat God dien.

Sondag 14 Julie

Tema: Vorentoe met God
Eksodus 1:1-2, 10

08:00 Meditatief	Werner Schultz
08:30 Klassiek	Paul Barnard
10:00 Meditatief	Werner Schultz
10:00 Informeel	Breda Ludik
10:00 Jeugaktiwiteite	Jeugsentrum
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Paul Barnard
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Breda Ludik

Deurkollekte: Senior Sorg

Sondag 21 Julie

Nagmaal
Eksodus 3:1-4, 18

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek	Lizette Louw
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel	Hannes Theron
10:00 Jeugaktiwiteite	Jeugsentrum
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Lizette Louw
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Cobus Malan - operasie

Rou:
Ons dink aan die familie en vriende van Abraham Kriel wat oorlede is.

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - h]5jPR6N

Dagboek:

Dinsdag 16 Julie
06:00 Kom bid saam

Woensdag 17 Julie
19:00 Doopgesprek

Donderdag 18 Julie
08:45 Bybelstudie - **studieboeke is by ontvangs beskikbaar**
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Sondag 21 Julie
Nagmaal

Woensdag 24 Julie
10:00 KuierTalent

Sondag 28 Julie
Nuwe lidmaatkuier na die oggend-dienste in die Tent

Dinsdag 30 Julie
19:00 Kerkraadsvergadering - Kapel

Sondag 11 Augustus
Klassieke Klanke om 15:00

Saterdag 17 Augustus
18:30 Kuier saam met Phuket Kinderprojek rondom 'n Thai-ete

Kry jy ons weeklikse e-nuusbrief?

Die e-nuusbrief word gewoonlik elke week op 'n Woensdag uitgestuur na almal wat 'n e-posadres het. Daarin is 'n opsomming van belangrike inligting en ook ons dagboek van datums om te onthou.
As jy nie die e-nuusbrief kry nie en jy wil dit graag ontvang, stuur asseblief 'n e-pos na kommunikasie@nghelder.co.za en ons plaas jou op ons verspreidingslys.

Gebed vir die week:

Here, bewaar my van alles en almal wat my lojaliteit aan U wil steel. Ek wil U dien. U alleen.

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Almero en Hananja Colangelo met hulle dogters Milé en Chanell - Bloemfontein-Wes
Izak en Ethelwyn Ferreira - Bryanston
Carl Ingwersen - Herold
David Krige - Worcester-Vallei
Shani Krige - Welgemoed
Chris en Lizette Nel met hul kinders
Heinz en Lothar - Debruinpark-Ermelo

Bring jou handwerk en kom kuier saam met ons of kom hekel 'n mat of 'n handsak met *T-shirt yarn*.
Ons verwelkom almal met 'n warm koppie tee of koffie.
Ons vergader twee keer per maand.
Wanneer: 24 Julie
Waar: Tent om 10:00 – 12:00
Bring jou eie handwerk of as jy daarin belangstel *T-shirt* yarn met sy hekelpen .

Kontakbesonderhede:
Magdel Janse van Rensburg by 082 400 0903 of
Nellie de Klerk by 072 348 6226

Belydenis van geloof

Daar is vanjaar nog 2 geleenthede waar persone belydenis van hul geloof in Jesus Christus kan aflê.

Belydenisaflegging Sondae	Gespreksgeleentheid in Kapel op
11 Augustus	7 Augustus om 19:00
27 Oktober	23 Oktober om 19:00

Die registrasievorm kan op die gemeente se webblad afgelaai word en is ook beskikbaar by die kerkkantoor.

Navrae kan gerig word aan Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za of 021-850 6923.

Skeepshouer benodig by Phambili-projek

Die Phambili-projek van Helderberg Uitreik benodig 'n skeepshouer (container) om hulle toerusting in te stoor.

Indien jy kan help, kontak asb Colin van Wyk by 078 743 5096 of colindvanwyk@gmail.com

Kom jy saam?

Korttermyn-uitreik na vlugtelinge in Athene
3-18 Oktober 2019

Die Omonia-span sal 'n behoefte hê aan mense wat bereid sal wees om met die Engelse klasse en die kinderbediening te help. Die span se doel is egter altyd om gapings te vul en te dien soos op die gegewe tydstip nodig is. Die finale inskrywingsdatum is **22 Julie 2019**.

Indien jy belangstel of meer inligting oor die uitreik of die bediening wil hê, stuur asseblief 'n e-pos aan projekleier Pia Nänny by pia.nanny@gmail.com

Maatskaplike werk betrekking beskikbaar

Die Beradingsentrum van Helderberg Uitreik het 'n vakature vir 'n geregistreerde deeltydse maatskaplike werker beskikbaar - 12 ure per week. Dit is 'n 1 jaar kontrakpos.

Aansoeke met volledige CV **voor 29 Julie** by Doreen Hofmeyr aan doreen@doreenh.com

Navrae: 082 899 9942
Indienstreding: **1 September 2019**

Kom geniet 'n feestelike
THAI EET-ERVARING

PHUKET KINDERPROJEK

Ten bate van
Phuket kinderprojek

Helderberg UITREIK

Kaartjies @ R120 pp by die kerkkantoor.
Navrae: Elsa Rinquest
phuketkinderprojek@gmail.com

Klassieke Klanke

Bied aan

Gratis Klassieke Kitaar Konsert

Sondag
11 Augustus

Helderberg Gemeente
@15:00

Donasies welkom

Vir meer inligting besoek:
Klassieke Klanke of

Helderberg UITREIK

FARMHOUSE

Seniorsorg

Seniorsorg is een van die oudste uitreike in die gemeente wat die welsyn van die senior gemeentelede bevorder. Onder ons vlerk het ons ook drie ouetehuise nl Huis Marie Louw, Huis Esperanza en Zandvliet Care Facility, waar ons nou saamwerk met die bestuur om die lewens van die inwoners aangenaam te maak.

Ons groot droom het waar geword toe die water-projek van Zandvliet voltooi is einde Februarie. Met die dreigende gevaar van dag zero het ons in medewerking met die bestuur van Zandvliet en Chris Bester 'n reënwaterstelsel in werking gestel. Chris, 'n eggenoot van een van seniorsorg se lede, het talle besoeke gebring aan Zandvliet en tans is daar drie tenks opgerig wat 30 000 liter water kan opvang. In Zandvliet is daar 185 inwoners en die tenks voorsien aan industriële wasmasjiene water. Baie dankie aan die gemeentelede wat bygedra het tot die uiters noodsaaklike projek. Ons dank ook in besonder aan Chris Bester vir sy volgehoue betrokkenheid by die projek.

By Huis Marie Louw kon ons help met die aanvulling van hul bestaande breekgoed, waaiers in die somer vir die siekeboeg en blindings vir die verswakte bejaarde afdeling. Die milde donasie van legkaarte word met groot vrug in die terapeutiese afdeling gebruik. Die televisie wat gebruik word om leë uurtjies met goeie films te vul, het gebreek. Hulle benodig 'n 2de TV waarvan die klank en beeld nog duidelik is. Indien iemand daarmee kan help, skakel asb Johanna Meyer by Huis Marie Louw 021-852 2347.

Vir Huis Esperanza het ons glas koffiebekers, bloeddrukapparaat, treklakens, diabetiese en hemo-globien toetsapparaat gekoop. Rianna Muller van Esperanza was 'n groot steunpilaar tydens ons groot pannekoekdag by die Herfsmakietie.

Seniorsorg het navraag gedoen oor ondersteuningstelsels en fasiliteite vir bejaardes in die Helderbergkom. Lidea Krijt (021-855 1039 of 082 576 7384) en Melissa van Society For The Aged (021-852 5130) was baie behulpsaam tydens my navraag. Marcelle Coetzee is by Masiensedane in die Strand waar tuisversorgers 'n volledige opleiding ontvang in tuisversorging. Sy het gesê daar is tans weer 'n groep gekwalifiseerde dames wat gereed is vir plasing. Marcelle se kontakbesonderhede is 021-854 6303 of 083 507 8467.

Ons rig 'n vriendelike uitnodiging aan die seniorlidmate in die gemeente wat 'n besoek verlang.

Baie dankie aan die gemeentelede vir hul volgehoue voorbidding en finansiële ondersteuning deur die jaar. Ons gee liefde en aandag aan mense wat ons deur die jare gedra het, en nou nie meer so sterk of gesond is nie.

Kontakbesonderhede:
Ina van Niekerk by 021-840 0020 of 082 578 9893 en
Marita Human by 021-850 8519 of 072 445 7628

Helderberg UITREIK

Helderberg UITREIK | HARMONY Relationships Restored & Reconnected

DIVORCE Care | DC4K DivorceCare for Kids | SINGLE & PARENTING | GRIEF SHARE

Egskeiding, enkelouerskap en verlies van 'n geliefde aan die dood.

HARMONY gee om en daar is ondersteuningsgroepe wat verstaan waardeur jy gaan. Hier vind jy weer hoop vir die lewe en vind jy boublokke wat sal help met die restorasie proses.

Wanneer: 18 Julie 2019 om 17:30 begin eerste sessie
Waar: Helderberg Gemeente
Kostes: R300 sluit in 13 weke program met werksboek en warm ete en baie omgee
Kontak: Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com of 072 189 9360

Helderberg Gemeente

Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za
Annette - 021-850 6923

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*